

Saaknommer 40/96

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

RUBEN ERNEST NEL

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: E M GROSSKOPF, NIENABER
et SCHUTZ ARR

VERHOOR: 29 AUGUSTUS 1996

GELEWER: 16 SEPTEMBER 1966

UITSpraak

/NIENABER AR

NIENABER AR:

Die appellant, 30 jaar oud volgens die klagstaat, is in die streekhof op 'n klagte van bedrog aangekla, skuldig bevind en tot drie jaar gevangenisstraf gevonniss wat in sy geheel opgeskort is. Hy appelleer teen sy skuldigbevinding na die Natalse Provinsiale Afdeling. Dit misluk. Met verlof van daardie hof appelleer hy nou na hierdie hof.

In die klagstaat word hy verkwalik:

"In that during November and December 1992 and at or near Shelly Beach in the Regional Division of Natal, the accused wrongfully and unlawfully and with intent to defraud, misrepresent[ed] to Mr G K Franke and/or Ms I N Droste that he was the lawful owner of Shelly Beach (sic) Bakery CC and its assets and/or that he was entitled to sell said business, and did thus induce the said Mr G K Franke and/or Ms I N Droste, to the prejudice of Mr G K Franke and/or Ms I N Droste and/or Mr J Van Deventer, to believe that he was the lawful owner of said business and/or that he was entitled to sell said business; and in accord with this belief, to pay the amount of R232000-00 to the accused for the sale of said

business; whereas when the accused made the said misrepresentation he well knew that the said business still belonged to Mr J Van Deventer and/or he (the accused) was not the lawful owner of said business and/or that he was not entitled to sell said business."

Die klagstaat is onakkuraat. Die besigheid, 'n bakkery, het nie aan Van Deventer behoort nie maar aan 'n beslote korporasie, Shelly Bakery CC, waarvan Van Deventer al die aandele besit het; dit was nie die appellant wat die bakkery by Shelly Bakery CC gekoop het nie, maar 'n beslote korporasie, Nel Maree Bakery CC, waarvan die appellant die aandele tesame met ene Marthinus Maree besit het; en dit was nie Franke en sy vrou (voorheen Droste) wat die bakkery gekoop het nie maar 'n derde beslote korporasie, Sayfe Cars CC, waarvan die Frankes die aandeelhouders was. Teen die klagstaat as sodanig was daar desondanks geen beswaar nie. Die klem het op die getuienis eerder as op die klagstaat geval.

Blykens die getuienis is die ooreenkoms tussen Van Deventer se beslote korporasie, Shelly Bakery CC, en dié van die appellant, Nel Maree Bakery CC, in Maart 1992 aangegaan. Die koopprys was R250 000, alles op skuld. Die bedrag van R140 000 wat

onmiddellik betaalbaar was, het die appellant by die bank geleen. Die restant van R110 000, met rente teen 17% per jaar, was betaalbaar by wyse van paaiemente van R3 000 per maand. Klousule 8.3 van die ooreenkoms bepaal:

"Ownership in the assets of the business shall remain vested in the seller until the entire purchase price has been paid in full."

Dit het spoedig geblyk dat die besigheid nie aan die appellant se verwagtinge voldoen het nie. Reeds in Augustus 1992 adverteer hy dat die besigheid te koop is en gee hy daarvan kennis aan Van Deventer. In Oktober verneem hy van prokureur Morris dat Van Deventer se boedel gesekwestreer is en dat Morris as voorlopige kurator aangestel is. Op die gesprek tussen die appellant en Morris kom ek later terug. In November 1992 onderhandel die appellant met Franke, wat sy advertensie in 'n koerant raakgesien het. Van die feit dat eiendomsreg in die bates van die besigheid aan sy eie verkoper voorbehou is, dat die bedrag van R110 000 met rente

daarop steeds verskuldig was, en dat sy verkoper se boedel inmiddels gesekwestreer en 'n voorlopige kurator, Morris, aangestel is, rep die appellant doelbewus geen woord teenoor Franke nie. Die koop met die Frankes se beslote korporasie word beklank teen R230 000 kontant, R28 000 minder as wat die appellant se beslote korporasie vir die besigheid moes betaal het. Dat hy die besigheid aan die Frankes verkoop het, meld hy weer nie aan Morris nie. Die R230 000 wat hy ontvang het, word ook nie aan Morris oorbetaal nie. Deels word dit aangewend om sy eie skuld van R140 000 by die bank wat intussen vanweë rente tot om en by R160 000 aangegroei het, te delg en andersyds om sekere skulde van die besigheid te vereffen. Skaars was die Frankes in besit van die besigheid of Morris, wie se benoeming as kurator intussen bekragtig is, lê daarop beslag. Die Frankes is alles wat hulle in die besigheid belê het, kwyt. En dit lei daartoe dat die appellant op 'n klag van bedrog, alternatiewelik, diefstal, gearresteer en aangekla

word.

Die appellant se verweer was dat hy nie wederregtelik opgetree het en in ieder geval nie die opset gehad het om die Frankes te bedrieg nie.

Die verweer is enersyds daarop gegrond dat klousule 8.3 van die ooreenkoms waarkragtens Nel Maree Bakery CC die besigheid gekoop het hom regtens nie verbied om dit weer te verkoop nie en andersyds op wat tussen hom en Morris voorgeval het.

Regtens is dit natuurlik so dat die blote voorbehoud van eiendomsreg 'n koper nie verhinder om die saak wat hy op dié wyse aangekoop het, weer te verkoop nie. Van so 'n koper word normaalweg nie verlang om eiendomsreg in die *res vendita* op sy eie koper oor te dra nie, maar slegs om die saak te lewer en te waarborg dat sy eie koper nie uitgewin word nie (vgl. De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 5de uitgawe 329; Diemont and Aronstam *The Law of Credit Agreements and Hire-Purchase in South Africa* 5de uitgawe 246). Klousule 8.3, asook die feit dat

eiendomsreg in die aandele in Shelly Bakery CC (en daarvolgens die beheer oor die bates van die bakkery) op Morris as kurator oorgegaan het, belet dus nie *per se* die verkoping van die besigheid aan die Frankes se beslote korporasie nie.

Op sigself is dit egter geen verweer nie. Die appellant het die besigheid nie net namens Nel Maree Bakery CC verkoop nie, hy het ook besit daarvan aan die Frankes oorhandig. So 'n vervreemdingshandeling, waar die verkoper nie oor die vrye beskikkingsreg daaroor beskik nie, is wederregtelik (vgl. *S v Van Heerden* 1984 (1) SA 666 (A) te 669A-D) en kan as sodanig 'n element wees van óf diefstal óf bedrog (vgl. *S v Burstein* 1978 (4) SA 602 (T); De Wet en Swanepoel *Strafreg* 4de uitgawe 318 voetnoot 131; Hunt *South African Criminal Law and Procedure* vol. 11, *Common Law Crimes* 640 § (iii)). Hier gaan dit om bedrog en dus in die eerste plaas om die wanvoorstellings, indien enige, wat die appellant aan die Frankes gemaak het.

Franke getuig dat die appellant hom uitdruklik meegedeel het dat hy, of dan sy beslote korporasie, eienaar is van die besigheid. Dit ontken die appellant. Maar Franke se getuienis is nie verwerp

nie terwyl die verhoorhof bevind het dat die appellant in 'n ander verband (oor waarom hy die Frankes nie ingelig het dat die bates van die besigheid effektief in Van Deventer se kurator setel nie) 'n blatante leuen vertel het. Hierdie geloofwaardigheidsbevinding van die verhoorhof is nie op appèl voor hierdie hof aangeval nie. Die kritiek wat in betoog teen Franke se getuienis geopper is, as sou mev Franke nie ook getuig het dat die appellant aan haar vertel het dat die besigheid aan hom behoort nie, gaan nie op nie, aangesien die appellant by afsonderlike geleenthede met die twee Frankes gepraat het. Franke se getuienis is dus aanvaarbaar. En daarvolgens het die appellant Franke uitdruklik mislei.

Daarby bly dit ook nie. Wat die appellant nie aan die Frankes meegedeel het nie, was dat Van Deventer se boedel gesekwestreer is en dat die aandele van sy beslote korporasie in sy kurator setel wat aldus effektief beheer oor die besigheid verkry het. Die appellant se antwoord hierop was dat Morris hom gemagtig het om die besigheid te verkoop.

Morris getuig dat hy as voorlopige kurator in Van Deventer se insolvente boedel aangestel is en dat hy as sodanig op 16 Oktober 1992, toe hy van die verkoping van die besigheid aan die

appellant se beslote korporasie verneem het, 'n onderhoud met die appellant gevoer het. Aanvanklik sê Morris dat hy die appellant spesifiek attent gemaak het op die voorbehoud van eiendomsreg tot tyd en wyl die verskuldigde balans ten volle vereffen is; hy beklemtoon dat die appellant (of dan wel Nel Maree Bakery CC) met betaling van die maandelike paaielemente van R3 000, wat op daardie stadium reeds agterstallig was, moes voortgaan; maar belowe dat hy nie intussen, solank hy net 'n voorlopige kurator is, op die besigheid aanspraak sou maak nie. Gevra, onder kruisverhoor, of die appellant aan hom enige aanduiding gegee het dat hy, die appellant, besig was om die besigheid te verkoop, antwoord Morris soos volg:

"Ja, as my geheue nie met my parte speel nie, het hy vir my, ek staan onder korreksie, maar nou dat u my gedagtegang prikkel. Ek dink hy het vir my gesê daar is 'n moontlikheid - die moontlikheid bestaan dat die einste prokureurs wat die opstellers van daardie dokument is, [dws die kontrak tussen Shelly Bakery CC en Nel Maree Bakery CC] moontlik iemand in die pyplyn het wat belangstel om die besigheid by hom oor te neem.

Goed. Wat was daarop u benadering gewees? --
Natuurlik het ek vir hom gesê - dalk is ek voorbarig om te sê

natuurlik. Maar ek het vir hom gesê dat onthou net van die bepalings van klousule 8 sub klousule 3."

(Morris het by die prokureur wat die kontrak opgestel het, navraag gedoen. Daar was 'n vae moontlikheid van iemand wat dalk sou belangstel, maar daarvan het niks tereg gekom nie. Dit was nie die Frankes nie.)

Later in sy getuienis oor die gesprek gee Morris toe,

" .. dat ek nie spesifiek verwys het na 8.3 maar ek het verwys na die strekking daarvan."

Aan Morris word gestel:

"U sien die beskuldigde sal getuig, mnr Morris, dat soos wat ek aan dit al u gestel het, hy met u oop kaarte gespeel, aan u aangedui het dat hy in 'n poging is om hierdie besigheid te verkoop en dat dit basies die som totaal van die gesprek was en dat hy teenoor u onderneem het om te poog om die uitstaande balans te - goed te maak ... "

In sy getuienis in hoof verduidelik die appellant dit so:

"So het u aan hom - met hom die verkoop van die besigheid

bespreek? -- Ek het - toe ek daar weg is het ek aan mnr Morris verduidelik dat hy asseblief nie die mat onder my moet uittrek nie en die volle bedrag by my eis op die oomblik nie want ek het nie daardie soort van kontant gehad nie, en ek is bereid om die bakkery te verkoop. En met die verkoop van die bakkery, die geld wat ek sal ontvang sal ek probeer vereffen wat ek aan Van Deventer skuld.

Ek sien. En wat was sy reaksie daarop gewees? -- Hy het dit verstaan en hy het gesê dit is in die haak so."

Op sy beste vir die appellant beteken dit, soos ek dit verstaan, dat hy teenoor Morris te kenne gegee het dat hy op soek is na 'n koper wat 'n prys sal betaal wat hom in staat sou stel om die bedrag wat uitstaande is te vereffen.

Elders in sy getuienis in hoof sê die appellant:

"As hy wel finaal aangestel is as 'n trustee het hy vir my gesê daar sal twee opsies wees. Eerstens of miskien - dat ek miskien aan sal gaan met my 'betalings 'n maand wat ek aan hom moet betaal en ook tweedens hulle mag dalk miskien die volle bedrag by my eis, afhangende van wat die trustees besluit nadat die oorspronklike trustees gekies word."

Uit die getuienis van die appellant en van Morris blyk

duidelik dat Morris aan hom te kenne gegee het dat daar twee moontlikhede bestaan, te wete, dat Morris die kontrak óf in stand hou (mits die appellant of sy beslote korporasie sy verpligtinge daarvolgens nakom), óf tersyde stel, soos hy ingevolge die Insolvensiewet van 1936 geregtig was om te doen. Solank hy bloot 'n voorlopige kurator was, sou hy egter geen besluit neem nie. Intussen moes daar met die betalings voortgegaan word. Die appellant gee in sy getuienis toe dat die keuse Morrison s'n was. As die appellant egter met 'n koper vorendag kom wat bereid sou wees om die besigheid te koop teen 'n prys waarmee die uitstaande skuld teenoor Van Deventer se beslote korporasie gedelg kan word, sou Morris dit oorweeg.

Dit beteken allermens dat Morris die appellant gemagtig het om die besigheid in eie hoedanigheid en teen enige prys te verkoop. Die appellant se weergawe hou in dat Morris by voorbaat sy keuse om die ooreenkoms óf in stand te hou óf ter syde te stel laat vaar

het en sodanige keuse aan die appellant oorgelaat het; dat Morris gebonde sou wees aan enige koopkontrak, wat ookal die prys, wat die appellant kon beding; en dat die appellant se enigste oorblywende verpligting sou wees om die opbrengs van die koop aan Van Deventer oor te betaal en, indien daar 'n tekort is, met Van Deventer ooreen te kom om daarvan afstand te doen.

Dié gedagtegang is nooit aan Morris gestel nie en dit is ondenkbaar dat hy ooit daartoe sou instem. In elk geval staan dit vas dat die appellant die opbrengs van die verkope aan Franke nie ter delging van die skuld van Van Deventer aangewend het nie, maar ter delging van sy eie verpligtinge teenoor die bank en van sekere bedryfsverpligtinge wat hy of die beslote korporasie namens die besigheid aangegaan het.

Kortom, die appellant se verkoping van die besigheid aan die Frankes se beslote korporasie was ongemagtig. Sy swye om die Frankes in te lig, onder omstandighede waar hy dit kennelik moes

gedoen het, dat hy vanweë klousule 8.3 en Van Deventer se insolvensie nie oor die bevoegdheid beskik het om die besigheid vryelik te vervreem en die opbrengs van die vervreemding vir eie gewin in te palm nie, het op 'n verdere wanvoorstelling neergekom. Daardie wanvoorstelling kon hy nie aan die hand van sy gesprek met Morris regverdig nie. Wederregtelikheid is dus bewese.

Wat skuld betref kan daar in die lig van wat pas gesê is ook weinig twyfel bestaan dat die appellant geweet het dat hy wederregtelik optree. Die appellant erken dat hy doelbewus nie óf sy skuld aan Van Deventer, óf die bestaan van klousule 8.3, óf Van Deventer se sekwestrasie en die aanstelling van Morris as kurator, aan die Frankes geopenbaar het nie. Die rede, sê hy, is dat hy die Frankes nie daarmee wou bemoei nie. Op die tydstip van sy verkope aan die Frankes, skuld hy of die beslote korporasie nog die volle bedrag: R140 000 aan die bank en R110 000 aan Van Deventer, beide met rente. Toe die moontlikheid van die koop met

die Frankes aan die lig kom, gee hy opdrag aan prokureur Stanbridge om 'n konsep ooreenkoms op te stel, maar weereens swyg hy teenoor sy prokureur oor klousule 8.3, oor Van Deventer se sekwestrasie en oor Morris se belang. Vir hierdie gebeurlikhede word daar in die koop-ooreenkoms gevolglik geen voorsiening gemaak nie. En kort nadat hy die ooreenkoms met die Frankes aangaan, skryf hy 'n brief aan Van Deventer, gedateer 15 Desember 1992, waarin hy onder meer die volgende sê:

"As you may know, the abovementioned Bakery was sold on 7 December 1992. I am aware of the loan of R120 000 owing to you by the Nel - Maree Bakery CC.

The bakery was sold for R232 000; this was R28 000 less than what was paid initially. After I had settled all outstanding loans from First National Bank and overdrafts and outstanding creditors, no funds were left.

The Bakery had to be undersold because it was virtually a bankrupt concern."

Nadat hy daaroor kla dat die besigheid, terwyl hy dit bestuur het, nie opgelewer het wat hy verwag het nie, gaan hy voort:

"I have discussed this matter with my lawyers here and they have advised me that while I have a cogent case, it might prove costly to obtain a decision in this matter. As you may realise from what I have mentioned above, the financial burden of the company will not permit me the luxury of a costly legal battle. I cannot however prevent you from proceeding against the Nel-Maree CC in this matter to try and recover your loan, but I hasten to remind you that the assets of the company are non-existent while the liabilities are legion. I regret the way that things have turned out, but it has been beyond my control. I still believe that given the sound business practices which I instituted, and with a healthy injection of capital, the bakery is still a salvageable enterprise. Unfortunately, we are not in a position to afford the required financial outlay, considering that neither of us were able to draw any salary for the entire time of ownership, that we lost a considerable amount of money by relinquishing our lucrative employment in Johannesburg, and that many other financial losses connected with the translocation to Natal accrued.

It would be appreciated if you could bring the contents of this letter to the attention of your Trustees in Port Shepstone at your earliest convenience."


Die stelling in hierdie skrywe is, soos die verhoorhof tereg

opmerk, moeilik te versoen met die appellant se houding dat hy te alle tye te goeder trou teenoor die Frankes opgetree het.

Ten tyde van die verkoping aan die Frankes se beslote korporasie was die appellant terdeë daarvan bewus dat eiendomsreg in die bates van die besigheid deur Van Deventer se beslote korporasie voorbehou is; dat Van Deventer intussen bankrot gespeel het; dat sy kurator op sodanige bates aanspraak maak; en dat hy geen realistiese vooruitsig gehad het om óf die uitstaande balans van R110 000 met die rente daarop te vereffen nie (te meer daar hy die besigheid teen 'n verlies verkoop het), óf om Van Deventer, laat staan nog sy kurator, te oorreed om die uitstaande bedrag af te skryf of te verminder nie. Hy moes dus noodwendig besef het dat dit bykans onvermydelik was dat die besigheid wat deur die Frankes oorgeneem is deur Van Deventer se kurator opgeëis sou word en dat die Frankes die besigheid kwyd sou wees. Daardie risiko het hy doelbewus nie aan die Frankes geopenbaar nie. Het hy dit wel

gedoen, sou die Frankes óf nie gekoop het nie óf hulle sou hul posisie kontraktueel beskerm het. Al was dit dus nie die appellant se primêre oogmerk om die Frankes in te loop nie, kon hy nie anders as om te besef het dat hulle bedroë daarvan sou afkom nie. Die nodige opset om te bedrieg, asook die kousale verband tussen sy optrede en die nadeel wat die Frankes gely het, is dus ook bewese.

Die appèl word van die hand gewys.


P.M. Nienaber
Regter van Appèl

Stem saam:
E.M. Grosskopf AR
Schutz AR